BEROEPENUUS– *14 Apr. 2013*

Beroepe ontvang

Ds. GS Kruger van Centurion na Koster as medeleraar

Beroepe aanvaar

Ds. HJ Stoltz van Bloemfontein Suidheuwels na Ontdekkers

Beroepe bedank

Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Empangeni

Ds. C Jooste van Wonderboompoort na Heidelberg

Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade –deur ds. E Kayayan

Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Hebreërs 4:9-10

Die woord shalom beteken in Hebreeus 'vrede'. Dit dui nie 'n tipe vrede aan wat bloot na 'n skietstilstand verwys nie. Inteendeel, die woord shalom verwys na die hoogste vorm van vrede met God: 'n vrede wat deur versoening met God gekenmerk is. Jesus het aan sy dissipels gesê: '*Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie'*(Johannes 14:27). So 'n vrede bring rus – rus om te weet dat die God van genade, te midde van enige woelings, altyd in beheer van ons lewe bly. Rus om met die sekerheid en geloof te kan lewe dat God ons vergewe het.

Dit is presies waar die betekenis van die Sabbat ook inkom. Die Sabbat is bowenal die uitdrukking van die rus wat ons in God se genade vind. So 'n rus word nie outomaties aan ons geskenk nie, maar is die vrug van 'n groot, alomvattende verlossing.

In die Ou Testament word die Sabbat aan 'n groot verlossingsdaad verbind: die verlossing van Israel uit 'n situasie van slawerny in Egipte. Kyk maar na die vierde gebod: '*En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die Sabbatdag te hou'* (Deuteronomium 5:15). Die outeur van die Hebreërbrief verwys in ons teksgedeelte na hierdie bevryding uit Egipte... *Word vervolg*

Vandag– Leon Grobler 0825699822	18/04– Hans Pieterse 0832077779
Vandag– Danie Theunissen 0836555335	18/04– Wilma Swanepoel 0847149814
Vandag– Anna-Marie van der Dussen 0126602459	19/04– At Boersma 0834527571
16/04– René Coetzee 0828946020	20/04– Clarice Foster 0823772108
16/04– Alida de Bruin 0832593772	20/04– Johan van den Berg 0833791431
16/04– Annetjie de Jonge 0722412428	20/04– Jaco van Jaarsveld 0847027628
16/04– Alicia Schalekamp 0713014976	21/04– Dries Badenhorst 0826124244
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk met u verjaarsdag

Die skelmste hond het genoeg regsgevoel om sy besit van die gesteelde been te verdedig –CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

14 April 2013

EERSTE EREDIENS–(9h00)

Skriflesing: Levitikus 23:1-25; Openbaring 1:10-11; 8:6-13; 11:15-19

Teks: Levitikus 23:23-25

Sing: Ps. 98:3; Ps. 81:1,3; Ps. 47:1,3; Ps. 84:2

FEES VAN DIE BASUINE

As Israel op hulle jaar se eerste 7 maande terugkyk, dan staan Paasfees eerste. Paasfees leer ons om die vrede van God te ervaar. Pinkster leer ons om die krag van God te ken. Wanneer hierdie trompette blaas gaan dit om wat beteken dit om in die Here te rus. Die Here se vrede, die Here se krag, die Here se rus kom in die 7de maand bymekaar!

In Israel gebeur daar baie dinge met hierdie een-dag fees. Hulle dink aan hulle sonde, hulle dink aan watter vreugde dit is dat ons kinders van God kan wees, maar dit is ook 'n ernstige basuin omdat Israel besef ons staan onder die oordeel van God. As God ons nie vergewe nie, dan kan daar vir ons geen vergiffenis wees nie. Daarom dat hierdie fees ook die volgende fees moet inlei, die fees van die groot Versoendag, wat alles 'n inleiding is op die sewedaagse Loofhuttefeesgety.

KATKISASIE– Katkisasie begin vandag vir hierdie kwartaal

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)

Skriflesing: Psalm 32; Mattheus 26:31-46

Dordtse Leerreëls: Hoofstuk 5 Paragraaf 3,4,5

Teks: Mattheus 26:33-35

Sing: Ps. 89:17; Ps. 6:2, Ps. 19:7

BESTAAN DAAR IETS SOOS GELOOFSHELDE?!

God se Woord ken geen geloofs*helde* nie, wel geloofs*getuies*. En geloofsgetuies is gewone mense wat deur God ingeskakel word om - ondanks hul eie sondes - tog getuies te wees van God se genade. Hulle was gewone gelowiges wat geworstel het met vele swakhede.

Dit gaan in vandag se paragrawe oor die werklikheid van ons lewe. Hoe lyk my lewe as gelowige? Ons skrik in wat 'n mens raaksien as jy na jouself kyk. Baie keer sal ons dalk onsself met ander gelowiges wou vergelyk. Moontlik met van die bekende mense uit die Bybel. Dalk hoop ek dat ek 'n geloof soos Abraham kon hê. Of soos Paulus. Ons vergeet egter dat daar ook 'n ander kant van hierdie mense is. Noag was op 'n keer so dronk dat hy homself ontbloot het en so in skande geval het. Abraham word die vader van alle gelowiges genoem, maar by tye lyk hy eerder soos die vader van die kleingelowiges te wees.

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 12 en 14
Ouderlinge: Boere Smit en Flip Minnaar
Diakens: Bernard Vorster

Volgende Sondag– Wyke 16 en 17
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Ds. Andries Mulder se knie het weer erge ontsteking ontwikkel. Hy is tans in die hospitaal. Sal weer geopereer moet word. Ons bid hom die Here se krag en nabyheid toe. **Br Danie Theunissen** se broer is verlede week oorlede. Ons bid hulle as gesin en familie die troos van die Heilige Gees toe. **Sr Anna van der Dussen** se ander oog is ook geopereer. Alles het goed verloop. Ons is saam met haar die Here dankbaar vir hierdie geseënde operasies. **Sr Marietjie Minnaar** is ons dankbaar vir die goeie herstel ná haar rugoperasie. **Sr Petro Riphagen** word ook volle herstel na haar operasie toegebid. **Br. Jaco Venter** wat n gedeeltelike skouer-vervanging operasie ondergaan het, word volle herstel toegebid. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Br Piet van der Kooi** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons vertrou dat die Here hom vanuit sy gesondheid terugslae sal sterk maak. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Sr's Lenie Labuschagne en Hester van Vuuren** wat beide vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hulle is in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM

SUSTERS– EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Die susters het versoek dat ons aan die Paul Kruger kinderhuis op meer gereelde basis van blikkies-kos en ander nie-bederfbare produkte skenk. Daar sal by al die ingange van ons kerkgebou karton-houers geplaas word waarin u hierdie produkte kan plaas. Dit sal dan op deurlopende basis leeggemaak word en aan die kinderhuis geskenk word.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Sustentasie Instand-houding
21/04/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Christelike onderwys Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
16/04	Klassis-Die Moot vergader
20/04	65+ Verg
23/04	Finans-en Advies verg
25/04	Kerkraad vergadering
26-27/04	Belydeniskamp
29/04	Katkisasiekomm vergd
04/05	Algemene sustersvergd
09/05	Hemelvaart: Erediens :18h30
16/05	Oudl vergd
18/05	65+ Onthaal
19/05	Voorbereiding Belydenisaflegging
26/05	Nagmaal en Nabetragting

PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kinderhuis 'n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

1:21 – Die aankondiging begin met byna dieselfde woorde as aan Maria (Luk 1:31). Dit herinner aan woorde van die beloftes aan Sara (Gen 7:19) en Hanna, die moeder van Samuel (1 Sam 1:20).

Aan Maria word gesê dat die Kind wat gebore sal word *`n Koning* sal wees, en aan Josef dat die Kind die Verlosser van die sondes sal wees. Saam wys dit op die volheid van die profesieë se vervulling. Die Naam Jesus beteken : "Die HERE is Redding / Redder". Dit is dieselfde as die naam Josua. Dit is vervulling van onder andere Ps 130:8 dat die HERE Self Israel sal verlos van hulle ongeregtighede – daarop wag die digter soos `n wagter op die mure. Dink ook aan Ps 103 en vele plekke in die Ou Testament.

1:23 – Josef (en Matth se lesers) word dan gebring by Jes 7:14, waar vooruit gesê is dat die Messias uit **`n maagd** gebore sal word.

Dat Matth die vertaling van die Naam Emmanuel gee, is nog `n aanduiding dat Matth in Grieks geskrywe het, en dat van sy lesers nie meer Hebreeus geken het nie.

1:25 – Eersgeborene. God lê hier klem op die feit dat eersgeborenes aan Hom toegewy moes word. In Luk 2:23 word gesê: "Elke manlike kind wat die moederskoot open, sal heilig vir die Here genoem word." Dit kom uit Ex 13:2 – "Heilig vir My al die eersgeborenes. Al wat die moederskoot open onder die kinders van Israel, van mense en van diere, dit is myne." Dit is een van die baie dinge waarin Christus die Wet en die profete vervul het. In alles was Hy en Sy optrede volmaak volgens God se wil.

Met hierdie inleiding van die boek Matteüs het die HERE die lesers gereed gemaak om die verdere Blye Boodskap te ontvang: Met Jesus se koms laat Hy God se heerskappy sigbaar op aarde verskyn. Die Koninkryk het gekom, al sal dit eers aan die einde in volle volmaaktheid deurbreek.

MATTHEüS 2

Hoofstuk 2 – *In `n artikel in "Het Kerkblad" in 1916 handel Totius oor* ***Die kragte van die hemel beweeg:***

Deur die sondeval sal alles tot `n einde kom. Onder hierdie "kragte" verstaan hy alles waardeur die hemele in hulle plek gehou word – swaartekrag en selfs ander waarvan ons nie eers weet nie. Intussen gaan alles op hulle God-bepaalde baan, en word deur Hom ingespan soos Hy dit wil. So ook selfs die ster wat met die geboorte van Jesus verskyn het.

2:1-12 *(`n Preek oor hierdie gedeelte, met as* ***teks*** *vs 1-2a)*

Die vraag is waar die Koning van die Jode is, wat gebore is. Die vraag kom tot drie soorte mense, en word op drie wyses geantwoord.

1."tot drieërlei soorte mense kom"

Die ***eerste soort is heidene.*** *Uit `n onbekende plek(-ke ?) in die Ooste kom drie mense wat die eerstelinge uit die heidennasies is. Sommige verklaarders wil aflei dat hulle uit Medië gekom het. Die geskenke wat hulle gegee het, dui moontlik op Babilonië en Arabië.*

Heidene *doen eerste navraag na die Koning. Eers na Jesus se werk voltooi is, is die skeidsmuur tussen Israel en heidene afgebreek, maar hier is die eerstes om in Sy koninklike teenwoordigheid te kom. Baloniese sterrekundiges het glo al lank `n koning uit die Weste verwag, wat `n heerlike regering sou bring.*

Jesus is ook Koning oor die heidene. Sonder Hom sou ons ook steeds heidene gewees het, sonder die genade van die Verbond.

Die ***tweede soort*** *aan wie die vraag gestel word, is uit die "familie" van Israel. Hy was `n* ***Edomiet****. Dit is die nageslag van Esau, wat aan die suidegrens van Israel bly woon het. Hulle het God nie gedien nie en was vyand van Israel. Herodus se vrou was `n Arabier, en dus uit die nageslag van Ismael – seun van Abraham. Hulle was ook vervreemd van die Verbond.*

Ook hulle kry deur die navraag oor die Messias "nog `n kans" om Jesus as die beloofde saad te aanbid. Omdat Herodus toe as koning oor die Jode regeer het, word die Prins wat gebore is deur due wyses by hom gesoek. As Jesus nie in Jerusalem is nie, maar in Bethlehem, sal Herodus Hom daar gaan eer ? Hierdie koning was bekend as Herodus die Grote en het regeer tot 4 vC. Ons Here se geboorte was dus voor die "jaar nul".

[Ons weet dat hierdie nuus hom egter ontstel het (v 3).] *– Hoeveel mense is vandag ook nie vervreemd van die Verbond nie ? Hulle is nie uit die heidendom nie, maar nie meer gelowiges nie. Hulle moet ook deur hierdie vraag hoor daar is nog geleentheid om te soek en te vind.*

Die ***derde soort*** *mense aan wie gevra is waar die Koning is, was Jode. Die owerpriesters en skrifgeleerdes was leiers en verteenwoordigers van die Israeliete. Hulle het die Joodse Raad, die Sanhedrin, gevorm. Hulle kan hulle self nie regverdig deur te sê hulle ken nie die profesieë nie. Hulle kan die vraag antwoord dat Hy in Bethlehem gebore sal word. Maar hoor hulle die* ***roepstem*** *? Hulle bly egter ongeraak.*

word vervolg.

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

6 Apr. 1652-Jan van Riebeeck land in Tafelbaai; *9 Apr. 1860*– Emily Hobhouse gebore; *11 Apr. 1838*– Slag van Italeni; *12 Apr. 1877*– Eerste anneksasie van ZAR; *12 Apr. 1947*– C. Louis Leipoldt oorlede; *14 Apr. 1919*– Literariese afdeling van Teologiese skool word selfstandig staan nou bekend as P.U. K vir CHO; *17 Apr. 1863*– Wyk Mooirivier word die Gerf kerk Potchefstroom; *22 Apr. 1688*– Afvaart van die eerste Hugenote na die Kaap; *29 Apr. 1875*– Tweede been van Dorslandtrekkers vertrek